



Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 27 Julie 1949 Prys 3d. No. 36

DUITSERS BEGIN HUL TANDE WYS

Die leier van die Sosiaal-Demokratiese Party in Wes-Duitsland, dr. Kurt Schumacher, het aangekondig dat sy party 'n beroep gaan doen op alle Duitse werkers om nie behulpsaam te wees met die aftakeling van fabriek nie. Hy het gesê dat die volk begin vra wie nou eintlik die oorlog gewen het — Brittanje of 'n paar Britse kapitaliste.

Dr. Schumacher het die beleid van aftakeling wat deur Brittanje en Frankryk gevolg word beskryf as onmenslik, anti-demokraties en anti-Europees. Hy het 'n skerp aanval gedoen op die Britse voorname om herstel-aflerwings aan Rusland te hervat.

Brittanje het naamlik aan die Verenigde State voorgestel dat die ongeveer 170 fabriek in Wes-Duitsland, wat vir Rusland aangemerkt is, onmiddellik afgetakel word en die masjinerie aan Rusland gelewer word sodat die uitstaande herstel-betalings aan Rusland vereffen kan word.

Hoe meer daar getrag word om die Duitse nasionale gevoel te onderdruk deur sodanige maatreëls te onderneem, hoe groter word die gevaar van Duitse Nasionalisme, het Schumacher gewaarsku.

Uit Brunswick word berig dat Helmuth Hillbrecht se regse party, wat eers deur die Britte in die ban gedoen is vanweë die nasionalistiese aard daarvan en later weer gewettig is,

'n verkiesingsveldtog loods. Die opkoms van hierdie party word veral gevrees omdat Hillbrecht in die openbaar verklaar het dat die beleid van die Nasionaal-Sosialiste „nie so sleg“ was nie.

Die gewaande voorname van die Franse om die oorwegend Duitse Saargebied te annekseer is in Parys bespreek deur die Britse buitelandse minister, Bevin, en Schuman, sy Franse kollega. Die Britte is veral besorg oor die Franse taktiek, ten aansien van hul voorname. Die Franse wil glo eerstens die Saargebied as 'n onafhanklike gebied, afgeskei van Duitsland, verklaar kry. Dan wil hulle die gebied annekseer as gevolg van 'n „spontane“ volksversoek.

Bevin het uitdruklik aan Schuman meegedeel dat Brittanje nie sal toestem tot 'n bevooroordeelde reëling wat die vrye uitspraak van die inwoners van die Saargebied oor hul politieke toekoms belemmer nie.

Die Britte vrees 'n uitbarsting in Wes-Duitsland indien die uittarting van die nasionale gevoel oordryf word.

AMERIKAANSE GEHEIME IN ENGELAND UITGESNUFFEL DEUR ROOI AGENTE

'n Geheime vergadering van Amerika se atoomkommissie is verlede week gehou waarop onder meer die kwessie bespreek is of Brittanje 'n deelgenoot van die Amerikaanse geheime gemaak moet word. Een van die sterkste voorstanders vir die oorhandiging van die geheime was genl. Eisenhower, tydens die oorlog bevelhebber van die Geallieerde magte in Europa. Een van sy beweegredes is dat Brittanje behou moet word as bondgenoot in 'n moontlike Russiese oorlog.

Dit is nie seker of die bespreking voortgevoel het uit 'n eis van Britse kant waarin moontlik op Britse afsydigheid gesinspeel is in geval die geheime langer aan Brittanje weerhou word nie. Van Britse kant word so iets ontken. Maar dit klink vreemd dat daar in Amerika gepraat kan word van Britse onsydigheid op grond van weiering van uitlewering van atoomgeheime. Brittanje is vir sy selfstandigheid vandag geheel en al afhanklik van Amerika se beskerming — selfs ook op ekonomiese gebied, soos die dollarlenings en Marshall-hulp bewys. En veral waar Brittanje tans onder die gesel van kommunistiese inspyeling op arbeidsgebied moet deurloop, en dit 'n bekende feit is dat linkse elemente lank gelede al 'n vastraplek in Britse intellektuele kringe gekry het — selfs in die kerk — kan daar nie aan iets gevaarliker vir Brittanje self gedink word nie as die toevertrouing van atoomgeheime aan Britse wetenskaplikes.

RUS SE ONTHULLING

In die verband kan die getuie-nis van die Rus wat die spioenasiering in Kanada onthul het, dien om die gevaar van so 'n beleid te onderstreep. In sy boek „This was my Choice“ vertel Igor Gouzenko van die massa-spioenasiestelsel van die Sowjet-Unie wat soos 'n visnet oor die hele wêreld strek. Deur-

middel van hierdie allesomvattende organisasie slaag die Russe daarin om die mees geheime inligting te verkry soms drieduisend myl van die bron af.

„Die volharding en geduld van die deskundiges faal baie selde om die begeerde inligting te verkry, en dit is 'n punt wat in gedagte gehou moet word deur volke wat reken hul geheime is teen diefstal bestand.

UIT ENGELAND

„Dikwels het ons dieselfde telegram aan twintig of meer adresse in verskillende dele van die wêreld gestuur. Een „dringende“ navraag van hierdie aard wou inligting hê omtrent 'n beweerde wetenskaplike uitvinding in die Verenigde State. Uit die aard van die saak was dit baie tegniese, sodat ek dit nie nou meer in besonder kan onthou nie, maar wat ek wel onthou is die opgewondenheid wat in ons syfer-afdeling veroorsaak is deur die uitslag. Nie

Atoomkennis Brei Uit

Na aanleiding van die geheime vergadering van die Verenigde State se atoomkommissie verlede week, is die aandag weereens toegespits op die vordering van ander lande in die opsig.

Volgens prof. H. Massey van Londen, behoort die Russe die atoombom binne twee jaar te kan vervaardig, terwyl Kanada, volgens 'n uittaling van die Kanadese waarnemende eerste minister, reeds oor genoegsame kennis beskik om 'n bom te maak as hy wil, hoewel nie so kragtig as dié van Amerika nie. Kanada spits hom egter net toe op die nywerheidsaspekte van atoom-energie.

GEVAARLIKE PLEIDOOI IN V.S.A.

Gouzenko skryf dat hy twyfel of daar nog enige afdeling van die atoomgeheime is wat die Russe nie weet nie, en as daar wel nog doolie kolle bestaan, kan aangeneem word dat die Russiese agente op baie groot skaal daarvoor delf.

Die Amerikaners sal dus baie wyslik handel om die skatkamer van hul atoomgeheime tot Amerikaanse bodem te beperk en niks aan die Britte toe te vertrou nie.

Britse Gaping Vergroot

Die maand Junie was die swartste maand vir die Britse handelsbalans sedert die betalingskrisis in 1947 ontstaan het. Die gaping van £54,200,000 tussen in- en uitvoer het 'n hoogtepunt bereik wat meer as dubbel is as die tekort per maand aan die begin van die jaar toe die gemiddelde tekort vir die eerste drie maande £21,000,000 was.

Vroue In V.S.A. Drink Meer

Drankgebruik onder vroue het sterk toegeneem in Amerika, volgens mededeling van 'n kafeebaas van New York. Voor die oorlog, het hy gesê, het betreklik min vroue saam met mans die kroeg besoek. Vandag is sowat 75 persent van sy klandisie vroue. Daar is byna driemaal soveel vrouedrinkers, en hulle gebruik ook meer drank op 'n slag as voor die oorlog.

Verwyte En Berou Oor Britse Oorlogsbeleid

Bittere verwyte oor die kreet van „onvoorwaardelike oorgawe“ is verlede week deur die Britse minister van buitelandse sake, Ernest Bevin, oor die laerhuis se vloer geslinger na opposisie-leier Winston Churchill wie se party met die oog op die komende verkiesing die regering nou verwyd oor die stadige vordering wat in Duitsland gemaak word. Die laerhuis was inderdaad 'n toonbeeld van beleidloosheid en teenstrydigheid.

Bevin het gesê: „Hierdie oorlogskreet het ons met 'n Duitsland gelaat sonder wet, sonder konstitusie, sonder 'n enkele persoon om mee te onderhandel, sonder 'n enkele instelling om aan te pak. Ons moet heeltemal van die grond af opbou met in die geheel niks nie — met 20,000,000 onwettigdes oor die hele plek versprei.”

Die verwysing na 20,000,000 onwettigdes kon natuurlik ook deurgegaan het as 'n beskuldiging aan die adres van Churchill wat in 1944 openlik die verdrywing van alle Duitsers in Oos-Duitsland om plek te maak vir die paar miljoen Pole wat uit die oostelike dele van Pole op hul beurt weer vir die Russe moes wyk, goedgekeur het. By daardie geleentheid het Churchill gesê dat mens nie „te ver vooruit moet kyk nie”.

BRITTANJE SE POSISIE

Bevin het gesê dat die kreet van onvoorwaardelike oorgawe nooit voor die Britse kabinet

gelê was nie en dat hy dit nie sou goedgekeur het nie. Hy het vir die eerste keer eers in die koerante daarvan gelees. Hierop het Churchill geantwoord dat hy dit vir die eerste keer uit Roosevelt se mond gehoor het by geleentheid van die konferensie in Casablanca, en dat hy daarmee saamgegaan het omdat hy vinnig moes besluit of Brittanje se posisie in die wêreld van so 'n aard was dat dit hom sou regverdig om nie steun daaraan te verleen nie. Hy was oortuig dat die kabinet dit nie sou goedkeur nie, „maar waar ons in 'n groot bondgenootskap verkeer het met lojale en magtige vriende oor die oseaan, moes ons ons skik.”

Hy is nogtans nie so seker dat hierdie kreet sulke groot skade veroorsaak het nie.

Met verwysing na die aftakeling van nywerhede in Duitsland het Bevin gesê dat Brittanje deur sy bondgenote gehinder word in die uitvoering daarvan. Amerika verander kort-kort van plan. Hy beskou

die huidige aftakelingsprogram as regverdig en gemik op veiligheid.

SPYT

Churchill het gesê dat hy nie saamgestem het met die Morgenthau-voorstel om Duitsland se oorlogsnwyverhede af te takel nie. „Maar ek kan slegs sê dat wanneer jy vir jou lewe veg in 'n harde stryd, jy heeltemal anders teenoor die vyand voel as wanneer hy platgeslaan is en om genade vra. As die dokument nou ooit weer aan my voorgelê sou word, sal ek sê dat ek nie daarmee saamstem nie en dat ek spyt is dat ek my handtekening daaraan gegee het.”

Van die regeringskant het 'n Arbeiderlid gepleit vir bewapening van Duitsland omdat dit die enigste manier is om Wes-Europa militêr te verdedig. Hy wou weet wat die opposisie se standpunt in die verband is. Churchill het egter geantwoord dat hy sterk glo aan 'n beleid van ontwapening vir Duitsland.

ROOIES GRAWE HULLE IN

Die Britse dokwerkers het verlede Maandagoggend hul werksaamhede hervat en aldus die verlamme dokstaking beëindig. Die staking het verliese van miljoene ponde meegebring en het Brittanje se uitvoer-veldtog uiters nadelig getref.

Dit is nog nie 'n uitgemaakte saak of die regering of die stakende dokwerkers die stryd gewen het nie. Die dokwerkers het werk hervat op voorwaardes wat hulle as 'n oorwinning beskou. Aan die ander kant het die beëindiging van die staking saamgeval met die regering se besluit om drie vreemde en verdagte kommunistiese agitators te deporteer.

Waarnemers meen dat die staking as 'n wins vir die kommuniste opgeteken moet word.

Die kommuniste het daardeur getoon dat hulle gevaarlike nywerheidsontwrigting kan veroorsaak.

Hulle het die dokwerkers se vertroue in hul amptelike vakbondsleiers geskok — die staking is inderdaad afgelas

deur die kommunisties-beheerde Kanadese Seeliede-Vakbond.

Hulle het die gesag van die nasionale beherende liggaam oor die hawewerke ondermyn.

NUWE STAKINGS

Lord Ammon, voorsitter van die Hawewerke-Raad, het verklaar dat die voorwaardes waaronder die dokwerkers hul werk hervat „'n groot oorwinning vir die kommuniste” is en hy het addisionele arbeidsmoëlikhede in die vooruitsig gestel indien die regering die werkers toelaat om te glo dat hulle 'n oorwinning behaal het.

Intussen dreig daar reeds weer nuwe stakings in Brittanje se steenkoolmyne en op die staatspoorweë.

PARTYPOLITIEK RY BELEID IN WIELE SÊ AMBASSADEUR

'n Beroep dat partypolitiek oorboord gegooi moet word ten opsigte van Suid-Afrika se buitelandse beleid, is verlede week deur mnr. Charles te Water, die Unie se buitengewone ambassadeur, gedoen by sy aankoms in Kaapstad na 'n uitgebreide reis in die buiteland.

„Ons buitelandse beleid, waarvan ons Afrika-beleid die logiese hoeksteen is, moet die volkswil vertolk indien dit van enige waarde wil wees,” het hy gesê. „Die gevaar van ons beskaving binne die Afrikaanse vasteland vereis 'n verenigde front, wat ons verskilpunte in ander opsigte ook al mag wees. Dit is tog seker nie bo die be-

gripsvermoë en wysheid van ons leiers dat dit hul plig is om in hierdie gevaarlike tyd uit een mond te praat nie.”

Hy het voorts gesê dat al die moondhede en buurstade van Suid-Afrika met die grootste welwillendheid jeens Suid-Afrika besiel is en die gedagte van samewerking in Afrika as 'n vanselfsprekendheid aanvaar.

Volkskas Reik Eie Note Uit In Suidwes

Volkskas sal binnekort sy eie note vir die waardes £5, £1 en 10s. in Suidwes-Afrika uitreik.

Die note sal onderteken word deur die hoofbestuurder, mnr. Josef J. Bosman, en die hoofvertegenwoordiger van die bank in Suidwes-Afrika, mnr. C. J. Wolfaard.

Die note sal in drie tale gedruk word, nl. Afrikaans, Engels en Duits.

Twee ander banke reik hul eie note in Suidwes-Afrika uit, en die note van die Suid-Afrikaanse Reserwebank word erken.

Sal Naturelle In Vredestyd Nie Bewapen

Die Britse regering het op aandrang van die Unie-regering ingestem om die naturelle van Betsjoeland, Swasieland en Basoetoland nie in vredestyd te bewapen nie. Hierdie beleid van die Britte sal waarskynlik ook tot die noordelike gebiede uitgebrei word.

Die belofte is verkry na same-sprekings wat die Unie-minister van Verdediging met die Britse owerheid in Londen gehad het.

Wat in oorlogstyd sal gebeur, word nie vermeld nie, maar die feit dat uitdruklik van „vredestyd” gepraat word, spel 'n groot vraagteken.

KONGRESSE IN TEKEN VAN LEIERSKAPSKRISISSE

Nadat die parlement verdaag het, en die politici na 'n lang en vermoeiende sitting hul onderskeie weë gegaan het, het daar 'n merk-bare stilte aan die politieke front ingetree. In Suidwes word langasem voorbereidingswerk gedoen vir die verkiesing wat glo aanstaande jaar sal plaasvind, en in die kiesafdelings Mayfair en Bloemfontein - Sentraal veg die groot partye 'n tamme agterhoede-stryd.

Aandag word nou toegespits op die partye se kongresse wat gedurende die maande September tot November gehou sal word. Dit ly geen twyfel dat vanjaar se partykongresse belangrike samekomste sal wees nie. Die groot partye se kongresse sal almal, in meerdere of in mindere mate, in die teken van hul leierskapskrisisse staan.

In Kaapland en Transvaal sal die Verenigde Party nuwe provinsiale leiers moet aanwys in die plekke van senator Conroy en wyle mnr. J. H. Hofmeyr. Daar is ook sprake dat veldm. Smuts gaan aftree as hoofleier van die party. In die Vrystaat is dr. Colin Steyn die leier sonder 'n enkele parlementêre kollega uit die provinsie wat hy lei, en in Natal gaan die Verenigde Party agteruit omdat hierdie provinsie oënskynlik nie in staat is om 'n sterk en invloedryke plaaslike leier vorentoe te stoot nie.

JONGERES

Tydens die jongste parlement-sitting het die jonger leiers van die Verenigde Party skouspelagtige opgang gemaak in die party, vanselfsprekend ten koste van die ouer leiers. Dit mag gebeur het of omdat die jong leiers werklik uitstaande manne is of omdat die ou leiers besonder middelmatig is. Miskien is laasgenoemde veronderstelling die juiste. Indien die jong leiers hul parlementêre voorsprong op hul party se kongresse kan handhaaf en die afgevaardigdes met hul kan meesleur is dit heel moontlik dat die Verenigde Party in die volgende paar maande 'n verjongingskuur kan ondergaan en dat die party kan ontluik as 'n nuut opgeknapte party. Met hierdie moontlikheid moet rekening gehou word.

STRAUSS

Dit wil voorkom asof mnr. J. G. N. Strauss geen noemenswaardige teenstand meer gaan ondervind om veldm. Smuts se opvolger te word nie. Dr. Colin Steyn, wie se naam in hierdie verband genoem word, is glo bereid om onder mnr. Strauss te dien. Dr. Steyn se posisie

Wetgewing Kom Sê L.V.

Aanstaande jaar sal die kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys verwyder word en daarna sal die drie naturelle-vertegenwoordigers aan die beurt kom.

Hierdie verklaring is deur mnr. J. E. Potgieter, L.V. vir Brits gedoen op Brixton tydens 'n vergadering in die verkiesingsveldtog in Mayfair, berig Die Vaderland.

as Vrystaatse leier is egter ewe onaanvegbaar as onbenydenswaardig. In Transvaal sal mnr. Bailey Bekker, 'n tans waarnemend, sonder twyfel, as leier bevestig word. Hy is jonk, energiek en bekwaam — volgens die propagandiste van die Verenigde Party. In Kaapland sal mnr. J. W. Mushet, 'n skynende lig

word as die nuwe hoofleier en of daar nie liewer 'n gemagtigde leier buitekant die party gesoek moet word nie. Indien daar 'n leier van buite moet kom, kan dit niemand anders as mnr. N. C. Havenga, die huidige leier van die Afrikanerparty, wees nie. En min. Havenga kan alleen bekom word deur 'n amalgamasie te bewerkstellig tussen die H.N.P. en die A.P. Van die nuwe geamalgameerde party sal dr. Malan dan die leier wees en min. Havenga die onderleier, met suksessiereg.

POLITIEK IN OENSKOU DEUR 'N MEDEWERKER

onder die ou garde, besmoontlik tot leier verkies word met Sir de Villiers Graaff as sy adjunk. In Natal sal die Verenigde Party beslis die hulp van die bonatuurlike moet inroep of anders sal hulle rewolusionêr moet optree as hulle 'n statiese posisie vloeibaar wil maak.

H.N.P.

Die Herenigde Nasionale Party se leierskapskrisis is nie so direk soos die Verenigde Party s'n nie, maar aan die ander kant is die H.N.P. se krisis baie verder van 'n oplossing af as die V.P. s'n. Die Herenigde Party se probleem is: wie moet dr. Malan opvolg? Op hierdie vraag gee verskillende persone verskillende antwoorde. Daar is diegene wat meen dat min. J. G. Strydom, die „kwaai man” van die Noorde die aangewese opvolger vir dr. Malan is. Ander glo weer vas dat min. Strydom met sy ekstremisme die party sal verongeluk. 'n Invloedryke groep in die H.N.P. is oortuig daarvan dat dr. Eben Dönges die mantel van dr. Malan moet erf; maar 'n ewe invloedryke groep sê beslis, nee: dr. Dönges is te „glad” om 'n leier te wees. Min. Eric Louw voel dat hy ook 'n aanspraakmaker is, maar daar is weinig wat saam met hom voel.

KLAAR UITGEMAAK

Dit is egter vandag nie meer baie lonend om oor dr. Malan se opvolger binne-in die H.N.P. te spekuleer nie. Die saak is tydens die afgelope parlement-sitting vir alle praktiese doeleindes reeds uitgemaak toe dit geblyk het dat min. Strydom oor 'n meerderheid in die party kousus beskik.

Die enigste vraag wat nog beslis moet word is of min. Strydom algemeen aanvaar moet

VERENIGING

Elk verneem dat gematigde nasionaliste, veral in Kaapland, baie gunstig gesind raak teenoor amalgamasie met die A.P. — veral met die oog op die toekomstige leierskap van min. Havenga. Selfs Die Volksblad, Vrystaatse orgaan van die H.N.P., het onlangs gepleit vir amalgamasie. 'n Betekenisvolle feit is dat min. Havenga se ministeriële kollegas almal met hoë lof van hom praat. Trouens min. F. C. Erasmus, voormalig Kaaplandse en Federale sekretaris van die H.N.P., onderneem tans sy eerste amptelike besoek aan die buiteland onder die vleuels van min. Havenga. En bowendien het min. Havenga reeds waargeneem as Eerste Minister tydens dr. Malan se afwesigheid oorsee.

In die lig van die toekomstige party leierskap neem die moontlike besluite van die ophandelynde kongresse van sowel die H.N.P. as die A.P. oor die kwesie van amalgamasie nuwe en belangrike betekenis aan.

BETEKENIS

Anders as die Verenigde Party se leierskapskrisis het die H.N.P. se krisis ook te doen met die toekomstige houding van die party. Dit maak nie saak of die ou leiers in beheer van die Verenigde Party bly nie of die jong leiers beheer kry nie — die koers van die V.P. sal dieselfde bly. Indien daar amalgamasie tussen die Herenigde Party en die Afrikanerparty plaasvind en min. Havenga se invloed deurslaggewend word in die nuwe party, sal die party nie alleen alle nasionaalgesindes kan verenig nie, maar die party sal ook alle gematigde elemente in die land agter hom kan konsolideer.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.



Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”.

Indien u graag **4%** rente op u spaargeld wil verdien, tree in verbinding met u eie onderneming.

SAAMBOU

(Permanente)

BOUVERENIGING



HOOFKANTOOR:

Sanlam-gebou — Waalstraat 28 — Kaapstad

TAKKANTOOR:

Transvalia-gebou — Sentraalstraat — Pretoria

• Bate oortref £1¼ miljoen •

Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (10)

PERS SE GROOT AANDEEL
AAN HAATSTOKERY

Laat ons nou kortliks saamvat watter maatreëls nodig sal wees om ons politieke lewe te reinig van die verdorwe gees wat die partypolitiek met hom saamsleep:—

- (1) Die alleen-bestuur van 'n politieke party oor die hele linie van die staatsbewind moet verydel word deur die skeiding tussen regering en volksverteenwoordiging, wat meebring dat die president 'n regering saamstel buite die volksraad om wat onafhanklik is van die meerderheidstem van die volksraad.
- (2) 'n Verbod op gebruikmaking van verkiesingsorganisasies in verkiesings (soos die geval was in die Transvaalse Republiek.)
- (3) 'n Verbod op deelname aan 'n verkiesing buite die eie kiesafdeling (soos dit die geval was in die Transvaalse Republiek.)
- (4) 'n Verbod op verkiesingsfondse.
- (5) 'n Verbod op die aanry van kiesers na die stembus.

Laasgenoemde twee is slegs maar 'n konsekwente toepassing van die voorafgaande beginsel wat reeds deur die Transvaalse Republiek in 1893 ingevoer was vir die handhawing van 'n gesonde volksregering.

- (6) Beteugeling van die pers hoofsaaklik deur die pers self deur die invoering van 'n stelsel van selftug volgens 'n neergelegde kode. Die sogenaamde vryheid van die pers mag nie misbruik word tot benadeling van die staat of openbare figure sonder genoegsame grond nie — en die gesag wat daarvoor moet waak, is in die eerste plaas die pers self.

In ons vorige artikel is oor hierdie saak ten opsigte van sekere aspekte uitgewei, maar dit is nodig dat hieroor nog meer gesê word. Die pers is vandag die magtigste wapen van die partypolitici, terwyl dit na reg 'n opvoedingsmiddel moes gewees het. Tot die begin van die agtiende eeu was die pers beperk tot algemene nuus en kritiek op individuele handelinge. Die staatsgesag is in besprekings in die openbare pers beslis geëerbiedig en ondermyning daarvan is nie geduld nie. Eers met die opkoms van die partystelsel het die pers ontwikkel tot 'n politieke wapen waarmee politieke partye mekaar — en dus ook die regering — by die kieserspubliek ondermyn het. Sedertdien het hierdie funksie oorheers, want selfs die weergawe van nuus is later beheer deur die oorweging van propaganda. Koerante het geword die organe van politieke en belange-groepe en het hul nuus ingeklee en gekleur om in te pas by die beleid van die groepe wat dit verteenwoordig. Van die begrip „vryheid van die pers” het uiteindelik niks of baie weinig oorgebly.

PARTY-ORGANE

Meeste koerante in ons land is organe van die een of ander

SPRAKE VAN
GROTER
KABINET

Opposisie-koerante het die afgelope tyd aanhoudend gespekuleer oor die moontlikheid dat die regering van plan is om die kabinet te vergroot deur vier bykomende ministers aan te stel. Die mening is uitgespreek dat die klousule in die Suid-Afrika-wet wat voorsiening maak vir 12 ministers, aanstaande jaar gewysig sal word.

Die V.P. wil dat die voormalige redakteur van die H.N.P.-orgaan in Transvaal, dr. Verwoerd, wat senator geword het toe hy te Alberton verslaan is, een van die sterkste aanspraakmakers op insluiting in die kabinet is. Ander wil weer dat die regering van plan is om meer Engelse in die kabinet te kry ten einde meer Engelse steun te trek. Geen amptelike ontkenning of bevestiging van die berigte is tot dusver gedoen nie.

party wie se belange hulle probeer bevorder bo die van die teenstander. Elkeen het sy groep lesers wat in meeste gevalle weier om „die ander party se koerant” te lees. Inderdaad word dit in veral Afrikaanse kringe byna as 'n skande beskou om betrap te word met 'n ander koerant as die eie party-orgaan. Die toestand wat hieruit ontwikkel, is dat een deel van die volk net nuus en voorligting ontvang wat pas in daardie party se kraam, terwyl die standpunt van die teenstander verdraai of verswyg word. Die volk word dus in waterdige groepe afgesonder, elk met sy vooroordele teen groepe buite sy geledere. Die periodieke partyverkiesings verskerp hierdie eensydigheid tot haat en veragting wat in die jare ná die verkiesing nog steeds aangeblaas word deur die politieke stryd in die parlement, waar toesprake gehou word sonder die minste bedoeling om teenstanders te oortuig, dog met die uitsluitlike oogmerk om die kiesers met verdere vooroordele te belaa. En dit is in hierdie atmosfeer waar onder dekmantel van vryheid van die pers die grootste verkragting van die waarheid geskied. En die enigste rem aan hierdie praktyk is lasteraksies wat so durabel is dat slegs die allerwelowendstes beskerming langs daardie weg kan soek.

GEEN VERDEDIGING

As 'n koerant werklik daarop uit is om 'n teenstander te vernietig, bestaan daar geen verdediging teen hom nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan het ons gevind in die stryd van die republikeinse beweging van dr. C. J. H. de Wet in die dertiger jare en die Ossewabrandwag daarna. Albei bewegings het gestrewe na die vervanging van die partystelsel deur 'n volkstelsel, en gevolglik het albei bewegings hulle vasgeloop in die woede van die partypers. Geen genade is aan hulle betoon nie. Hulle is eenvoudig oordonder sonder dat enige verweer hulle in die kolomne van die partypers gegun is. Persverklarings om verdraai en onware aantygings te weerlê is eenvoudig in die snippermandjie van die redakteur gegooi. Die volk is doelbewus in duisternis gehou omtrent uitlatings, standpunte en doelstellings van hierdie bewegings. Vryheid van die pers was daar seer seker — vir

die eienaars van die koerante, maar vir hierdie hervormingsgroepe was daar geen persvryheid in bestaande koerante nie. Sulke vryheid kon hulle alleen kry indien hulle 'n eie pers oprig wat hoofsaaklik deur die eie aanhangers gelees sou word, en dus nooit die waarheid kon indra na ander volkskringe nie.

Dit moet tog duidelik wees dat so 'n soort persvryheid presies dieselfde ding is as die ekonomiese vryheid van die kapitalisme — die wolf en die lam is ewe vry om in die veld rond te stap.

ONREG

Nou is dit opsigself geen sonde om 'n pers tot jou beskikking te hê nie, net soos dit geen

(vervolg op bladsy 8, kolom 3)

Rooi Skrikbeeld
In Asië

'n Derde Wêreldoorlog is onvermydelik tensy die Verenigde State sy volle gewig in 'n stryd werp om die kommunistiese indringing in Asië te stuit, lui 'n waarskuwing van mnr. H. R. Knickerbocker, een van die 13 Amerikaanse joernaliste wat voorverlede week in 'n vliegtuigramp by Bombaai die lewe ingeskiet het.

Die waarskuwing is vervat in 'n radiopraatjie, wat 'n plaatopname was en wat na sy dood aan die Amerikaanse volk uitgesaai is. Knickerbocker stel voor 'n Marshall-plan vir Asië; 'n Atlantiese Verdrag vir die Verre Ooste; en 'n bewapenings-hulpplan vir die vrye volke van Asië in hul lewenstryd teen die kommuniste. Sy praatie vervolg:

„Kommunisme verbrei so vinnig in die Ooste dat Moskou binne enkele jare sterk genoeg kan voel om die mag van die V.S.A. uit te daag.

„Besorgdheid oor die toenemende sukses van die kommunisme in Asië styg al hoër hier in die wagtoring Singapoer.

„Die prentjie wat mens vanuit hierdie wagtoring sien is: Sjina, waar die kommunisteleërs van Mao Tse-Toeng na Suidoos-Asië stroom; Agter-Indië waar die kommunistetroepe van Tsjing-Ming die Franse uittart. Birma waar kommuniste-bendes die land verwoes; Malaja waar 'n handjevol oerwoudvegters die stryd verloor — maar ook net verloor — teen die beste troepe in

die Britse leër; en Siam waar 'n benoude regering verplig is om 'n reusagtige Sowjet-gesantskap toe te laat — as kanaal vir Molotof se opdragte.

„Agter mens sien jy van hier ook Indonesië waar die Nederlanders se stewige stryd teen kommunisme binnekort vervang sal word deur die twyfelagtige sterkte van die Indonesiërs self en in die verte Pakistan en Indië wat die hande so vol het met die viering van hulle onafhanklikheid van 'n moeë ou Britse Ryk dat hulle weinig of geen notisie neem van die skerp getande tier wat uit Sibirië op hulle aangekruip kom nie.”

VER. PARTY
LEEN VAN
H.N.P.


Verlede week het die Verenigde Party aangekondig dat besluit is op die instelling van „kolleges” waar organiseerders in die politiek opgelei kan word. Daar is tot hierdie stap oorgegaan omdat die Verenigde Party sy organisasie wil opknop en omdat vir die doel opgeleide organiseerders onontbeerlik is.

Hierdie besluit van die Verenigde Party is nie oorspronklik nie. Vir jare reeds verskaf die Verenigde Nasionale Party partypolitieke „kursusse” aan hul organiseerders en word „diplomas” aan suksesvolle kandidate uitgereik.

Aspirant-organiseerders van albei die groot partye sal voortaan kursusse kan volg sodat hulle, gewapen met al die ou koeie uit die partypolitieke sloot, des te kwistiger verdeeldheid en tweedrag kan saai.

Rooies Gaan By
Poskantore Keer

Die Kommuniste is van voorneme om 'n verset teen die regering se apartheidsbeleid in die poskantore te organiseer sodra dit in werking kom. Volgens 'n uittaling van mnr. Sam Kahn, Kommunistiese L.V., is sy party vasberade om apartheid teen te staan en deel van hul optrede sal wees om wagte voor die poskantore op te stel. Meer as 100 persone het hulle reeds vir die doel in Kaapstad beskikbaar gestel.



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 27 JULIE 1949

Churchill Verdwers

Dit het vier volle jare en 'n op hande synde verkiesing gekos om die Britse „staatsmanne” tot die besef te bring dat die voleinding van hul dwase oorlog teen Duitsland inderdaad 'n stuk dwaasheid was. Namate die verkiesing wat aanstaande jaar gehou moet word, nader kom, word die Britse partyleiers al meer gevoelig vir kritiek. So het Ernest Bevin, minister van buitelandse sake, verlede week tot 'n uitbarsting gekom oor die opposisie-kritiek op sy regering se beleid in Duitsland. Wat presies die verwyte was, het uit die persopsummings nie duidelik geblyk nie, maar dit skyn betrekking te hê enersyds op die stadige herlewering van Duitsland en andersyds op die stadige aftakeling van Duitse nywerhede. Die heer Bevin se gevoeligheid vir die kritiek het hom blykbaar verblind vir die teenstrydigheid in die twee beskuldigings, want hoe Duitsland ekonomies op die been gebring kan word solank sy nywerhede nog steeds afgetafel word, is bokant die begripsvermoë van enigiemand buitekant die kring van Britse beroepspolitici.

Bevin se verweer is 'n aanklag teen Churchill dat die slagspreuk „onvoorwaardelike oorgawe” ten gevolge gehad het dat sy regering te doen gekry het met 'n Duitsland „sonder 'n konstitusie, sonder 'n enkele persoon om mee te onderhandel, sonder 'n enkele instelling om aan te pak.” En dan kla Bevin verder dat hy deur die Geallieerdes gehinder word in die aftakeling van Duitse nywerhede — 'n verwyte aan die adres van Amerika.

KLEIN FORMAAT

En dan kom Churchill op sy beurt met 'n verskoning wat hierdie Britse „bulhond” laat verdwers tot sakformaat selfs in vergelyking met sy oorlogsvriend Roosevelt op wie se rekening hy hierdie stuk oorlogsdwaasheid wil aanteken. Hy erken rondborstig dat hy bewus was dat sy kabinet die kreet sou verwerp het, en dat die gedagte geen vrug van sy brein was nie. Nogtans het hy nie die moed gehad om Roosevelt teen te gaan toe hy dit as beleid sommeer so terloops geformuleer het nie. Brittanje moes hom tydens die oorlog maar dikwels skik na sy groot en sterk bondgenote, het hy daaraan toegevoeg.

Dit was nie die enigste keer dat Churchill hom geskik het na die terloopse uitlatings van sy „groot” bondgenote nie, net soos dit ook nie die enigste keer was dat ingrypende oorlogs- en vredesbeleid tydens hierdie bondgenootskap op terloopse uitlatings berus het nie. Toe die drie „Groties” — uit Churchill se uitlating blyk dat daar maar eintlik net twee Groties was — in Yalta besluit het om die helfte van Pole aan Rusland af te staan, het Churchill ook nie die moed gehad om aan Stalin te sê dat sy land oorlog verklaar het op grond van 'n waarborg ten opsigte van 'n stukkie Poolse grondgebied nie, en dat dit ongerymd sou wees om nou die helfte van Pole aan Pole se „bevryder” uit te lewer nie. Toe het Churchill sy mense gerusgestel met die vermaning „dat 'n mens nie te ver vooruit moet kyk nie.”

HEILDRONK-BESLUIT

Die ander geleentheid was toe Stalin op 'n eetmaal in Teheran by wyse van 'n heildronk voorgestel het dat Duitse oorlogsmisdadigers voor die voet van kant gemaak moes word. By hierdie geleentheid het Churchill darem soveel moed gehad dat hy die Duitsers nie sonder verhoor wou laat doodskiet nie „omdat die Britse volk so 'n massaslagting nie sal goedkeur nie.” Hy het Stalin se terloopse voorstel egter sonder teenstribbeling aanvaar solank daar net die een of ander vorm van verhoor aan verbonde sou wees. Hierdie terloopse besluit het gelei tot die mees berugte bloedfees in die geskiedenis — Neurenberg, waar Stalin sy massamoord en Churchill sy verhoor gehad het.

En nou, vier jaar na die oorlog, begin Churchill, wat destyds nie te ver vooruit wou kyk nie, 'n bietjie terug te kyk, en nou word hy skaam vir die terloopse besluite van die „Drie Groties,” en toon hy selfs tekens van berou. Sonder teenstribbeling het hy indertyd ook die berugte Morgenthau-plan onderteken as vredesbeleid vir Duitsland. Dit was 'n plan wat daarop neergekom het dat Duitsland van alle nywerhede kaalgestroop moes word sodat sy bevolking net van die landbou moes bestaan! Nou verklaar Churchill dat hy spyt is dat hy sy naamtekening daaraan geheg het, maar dat hy toe anders gevoel het teenoor die Duitsers as nou.

Churchill vergeet blykbaar dat van 'n staatsman juis verwag word om sowel ver vooruit te kyk as om bo sy tydelike emosies uit te styg — 'n les in die staatskunde wat hy van 'n Paul Kruger kon geleer het in sy behandeling van 'n Jameson.

Maar soos ons sê, Churchill toon blyke van berou. Na die vroeke, terloopse besluit in Teheran om alle Duitse leiers van kant te maak, het Churchill nou na soveel jaar blykbaar tot die ontdekking gekom dat ook dit 'n fout was, en om blykbaar te vergoed vir sy fout, het Churchill die afgelope week glo 'n paar silwerstukke bygedra tot die verdedigingskoste van veldmaarskalk Von Manstein wat op grond van die Teheran-vrolikheid nou mee afgereken moet word as „oorlogsmisdadiger”. So 'n berou-betoon sal Churchill wel nie te moeilik val na sy inkomste van £250,000 uit sy oorlogsherinnerings nie. Maar die wêreld sou seker baie gelukkiger

(vervolg in volgende kolom)

Persmenings:

,Koning Se Republikeine'!

Die rubrieksrywer van die Cape Argus vertel dat mnr. Leo Marquard, die stigter en eerste voorsitter van die Nasionale Unie van S.A. Studente, verlede week aan die kongres van die Unie in Kaapstad van sy herinnerings meedeel het. Hy skryf:

„Mnr. Marquard het herinner aan die politieke programme wat die party gepubliseer het vir Nusas se parlementêre verkiesings. Hy het gesê dat daardie programme getuienis gelewer het van ernstige betragting van nasionale vraagstukke en dat hulle in baie opsigte hul tyd vooruit was.

„In 1933, byvoorbeeld, het Mike Kuper van die Witwatersrandse Universiteit hom verkiesbaar gestel as die enigste verteenwoordiger van 'n party wat hy met profetiese insig genoem het „Die Koning se Republikeine.”

„Na die onlangse Londense Konferensie van Eerste Ministers is die naam nie so vreemd nie.”

Verdeling Van Afrika

In die jongste aflewering van sy weeklikse nuusbrief som mnr. Oswald Pirow die argument teen segregasie soos volg op:

(a) Binne die raamwerk van 'n blanke ekonomie en politiek kan die natuur vanweë sy inherente minderwaardigheid geen gevaar vir die blankes oplewer solank die blankes hulle hoër posisie deur behoorlike opvoeding handhaaf nie.

(b) Die natuurlike behoort tot die natuurlike bates van Suid-Afrika, net soos goud en steenkool. As 'n arbeidslag stel hulle die blankes vry van baie veel-eisende werk, gee hom die geleentheid om sy aandag aan hoër dinge te wy. Neem ons die natuurlike weg dan moet die lewenspeil van die blankes daal omdat die verwydering van arbeidskragte verarming meebring en omdat ons 'n blanke laagbesoldigde arbeiderslaag in die plek van die natuurlike sal moet stel.

(c) Georganiseer in aparte state wat eventueel selfstandig sal word, moet die natuur op die duur 'n gevaar vir die blanke staat of state word. Enige staat moet op een of ander tyd na uitbreiding soek, veral as sy bevolking toeneem. Ons veronderstel dat die blanke state meer welvarend sal wees as die natuurlike state en ons 'n aanloklike buit sal oplewer. Die natuurlike state kan selfs bondgenootskappe aangaan met ander nie-blanke state en 'n vernietigende oorlog teen die blankes ontketen.

Nadat hy die argument breedvoerig behandel het kom hy tot die gevolgtrekking dat daar net twee alternatiewe vir segregasie is:

(a) Die stigting van 'n slawestaat waarin die blankes sonder inagneming van Christelike beginsels en in stryd met alle etiese norme 'n swart proletariaat in 'n toestand van armoede en verdrukking hou totdat daardie proletariaat 'n geleentheid kry om bloedige wraak uit te oefen.

(b) 'n Geleidelike uitwissing van die grense tussen blank en

(vervolg van vorige kolom)

gewees het indien hierdie politikus wat as staatsman poseer het, 'n bietjie meer vooruit as agteruit in die geskiedenis wou gekyk het in die dae toe hy bekend gestaan het as een van die „Drie Groties”.

nie-blank wat miskien met 'n tussenstadium waar 'n blanke aristokrasie oor 'n verarmde gemeentelike proletariaat regeer (maar dit is twyfelagtig), lei tot algehele verbastering.

Ten slotte skryf hy:

Tensy ons gereed is om nog voor die einde van hierdie eeu reeds op pad na volledige verbastering te wees, moet daar iets groots gedoen word. En dit is niks minder as die verdeling van Afrika in blanke en natuurlike state en die vestiging van nog blanke staatsgemeenskappe in die dele van Afrika wat vir bewoning deur blankes geskik is nie.

Joodse Vraagstuk

Die Jewish Herald se parlementêre verslaggewer berig dat die Joodse vraagstuk uit die politieke arena verdwyn het. „Van die Joodse oogpunt beskou was die mees uitstaande kenmerk van die afgelope parlementssitting die feit dat die sogenaamde Joodse vraagstuk — 'n saak wat die gevoelens van baie van ons vooraanstaande parlementslede tot kort gelede laat opvlam het — blykbaar heftemal verdwyn het van die Suid-Afrikaanse politieke arena.”

Die blad gaan voort om lof toe te bring aan die Joodse parlementslede van wie die volgende by name genoem word: A. P. Robertson (Langlaagte), Harry Oppenheimer (Kimber-

ley), H. Davidoff (Edenvale), A. Hepple (Rosettenville), dr. B. Friedman (Hillbrow), dr. Henry Gluckman, Max Sonnenberg (Suid-Skiereiland), mev. Bertha Solomon (Jeppe), Adolf Davis (Pretoria Stad), Abe Bloomberg (Kasteel) en Morris Kentridge (Troyeville).

In verband met mnr. Davis word verklaar dat sy toespraak oor Christelik-nasionale onderwys een van die hoogtepunte van die sitting was.

Een van die name wat nie genoem word nie is dié van mnr. Sam Kahn, Kommunistiese verteenwoordiger van die natuurlike.

Amerikaanse Bril

Die Burger bevat die volgende aanhaling uit die Amerikaanse blad Magazine Digest in 'n beskrywing van dr. D. F. Malan:

„Malan het sy politieke filosofie grotendeels uit die Nazi-ideologie geput. . . . Kort, gesette pankop, skerpneus, is Malan 'n duistere boek, selfs vir diegene wat hom al baie jare ken. Hy is stadig, versigtig, agterbaks en meedoënloos soos Hitler. Volslae verstoek van selfs 'n sweem van humorsin, gee hy die indruk van verstandelike stompsinnigheid. Maar dit is slegs die luilak-houding van 'n kobra voordat hy pik. Inderdaad is hy 'n geduldige, sluwe politikus wat in die skaduwees werk totdat hy gereed is om openlik te slaan.”

RASSEHAAT GEDURIG AAN UITBARS IN AMERIKA

Sommige Amerikaanse koerante verlustig hulle in die voorstelling aan hul lesers van „mishandeling” van nie-blankes in Suid-Afrika weens die toepassing van apartheid. Daar kan egter geen twyfel bestaan nie dat die nie-blankes in Suid-Afrika veel minder aan geweld onderhewig is as sy kleurgenoet in Amerika. Daar gaan nouliks 'n week verby dat daar nie die een of ander vergryp sonder aansiens van persoon aan negers gepleeg word nie, net soos daar nooit 'n jaar verby gaan sonder dat 'n paar negers „gelych” word nie.


In die begin van die maand het die oopstelling van swembaddens in Washington aan alle kleure gelei tot 'n twee-daagse handgemeen tussen die rasse waarin enige neger binne trefafstand aangeval en neergevel is. In die afgelope week is weer berig dat soldate die strate in Groveland moes afkamp ten einde die negers teen aanhoudende aanvalle deur blankes te beskerm. Die onluste het gevolg op die aanranding van 'n vrou deur vier negers. Blanke groepe het voor die voet afgestroom op elke neger wat in die strate opgemerk is. Daar is vryelik gebruik gemaak van

gewere en etlike huise is afgebrand.

Dit is die behandeling wat die nie-blankes ontvang in 'n „demokrasie” waar gelykstelling amptelike beleid is. Dit lei slegs tot groter rassewrywing.

Die oplossing vir rassenvraagstukke lê in die afsondering van die rasse elk na sy eie gebied waar hy met selfrespek hom met sy sake kan besig hou. Dit is die taak van sowel die blanke as die natuur in ons land om die openbare mening vir hierdie standpunt ryp te maak voordat praktieke van onbeteelde haatuitbarsting soos die in Amerika, hier posvat.

OSSEWABRANDWAG - DAG



BASAAR

sal gehou word in die

BANKETSAAL

van die Stadshuis op STELLENBOSCH

op SATERDAG, 6 AUGUSTUS om 10 vm.

• Die KAFEE waar ligte ETES bedien sal word, open om 10.30 vm.

— Alle Afrikaners Welkom! —

UIT DIE WEEK SE NUUS

Ten spyte van die Britse veldtog om soveel Britse immigrante as moontlik aan die kolonies en dominiums te lewer „ter handhawing van die Britse karakter” in daardie gebiede, toon syfers van die eerste vyf maande van hierdie jaar, dat die Unie stadig besig is om Brittanje te klop ten opsigte van emigrasie na Suid-Rhodesië. Terwyl daar in 1948 3,916 persone uit Brittanje na Suid-Rhodesië gegaan het teenoor 2,176 uit die Unie, was die syfers vir die eerste vyf maande hierdie jaar onderskeidelik 2,937 en 2,583.

Die lughawe Wingfield, naby Kaapstad, wat sedert 1942 die eiendom van die Britse admiraliteit was, is deur die Unie-regering teruggekoop en sal voortaan deur die Departement van Verdediging beheer word.

Vraatsugtige slakke, uit Afrika afkomstig, van ses duim lank en wat so swaar as 'n pond weeg het in Amerika 'n plaag geword wat ontsettende skade aan landbou aanrig.

Dr. Otto Abetz, Duitse gesant in Parys tydens die besetting van Frankryk, is verlede week tot 20 jaar tronkstraf gevonnissen op aanklag van „oorlogsmisdade”.

'n Nuwe ontwikkeling op die gebied van koelkaste is die afgelope weke aangekondig. Een berig het gewag gemaak van 'n nuwe ontwerp wat ooreenkom met 'n klerikas vol laaie. Die ander is van 'n vervoerbare koelkas wat in die vorm van 'n koffer op uitstappies saamgevoer kan word. Die idee is om dit aan die motor se battery te koppel sodat dit aan die gang kan bly so lank die rit of kampeerdery duur.

Die miellie-oes vir hierdie seisoen word deur die Afdeling Ekonomie en Markte geskat op 19,813,000 sakke vergeleke met 31,552,000 verlede jaar.

Die skatting vir die grond-boontjie-oes is 1,525,000 sak en die vir sonneblom 722,000. Verlede jaar was die oes onderskeidelik 1,673,000 en 803,000 sakke.

Die Suid-Afrikaanse Lugmag sal binnekort toegerus word

met Britse Vampire-spuitsvliegtuie wat teen 'n snelheid van 540 myl per uur vlieg.

Mnr. Chris de Wet en mej. Gladys Steyn is benoem tot kandidaat van die H.N.P. en V.P. onderskeidelik in die tussenverkiesing in Bloemfontein-Sentraal wat op 24 Augustus plaasvind.

FONDSDAG

O.B.-Fondsag word op 6 Augustus gehou op die plaas Rooiblaai (W. J. de Bruin), distrik Lydenburg. Almal is welkom en word uitgenooi om van die heerlike braaivleis te kom geniet.

PLUNDERING VAN FABRIEKE

In die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland alleen is daar tot op datum 230,000 ton nywerheidstoerusting verskeep na ander lande in die vorm van herstelbetalinge. Dit sluit in 105 fabriek wat oorlogs- en vredestrydse goedere vervaardig, na Sapa-Reuter berig.

BRIT KRY ANDER OPINIE NADAT HY SELF GESIEN HET

Hoe 'n bevooroordeelde Brit, wat hom laat lei het deur die propaganda in die Britse pers, na Duitsland gegaan het, en na 'n tyd heeltemal 'n ander beeld van die Duitsers gekry het as wat hom deur die pers voorgedra is, blyk uit 'n brief wat onlangs in die Britse blad Union verskyn het.

Die skrywer verklaar dat hy 'n lid van die Arbeidersparty was. Toe hy na Duitsland gestuur is, is dit hom opgedra om gereeld verslag te doen van hoe dit in Duitsland toegaan onder die Britse besetting.

Op 'n dag het hy op 'n aaklike toneel afgekom. „Gedurende Augustus 1947 het ek geryloop vanaf Münster Lager na Hamburg en ek is opgelaaideur 'n vragmotor wat 'n aantal Duitse krygsgevangenes vervoer het wat pas losgelaat is uit 'n Russiese oorlogskamp. Hierdie ongelukkige drommels was niks anders as geel vel en bene wat aanmekaar gehou is deur vuil vodde nie. Toe ek oor die reëling klim, het twee van hierdie vormlose bondels uit vrees die wyk geneem. Hulle het alle sin vir verhoudings verloor, en volgens my mening was hulle nie ver bokant die diere-ryk verheve nie.

„Nietemin, ek het in beson-

Soos Ons Lesers Dit Sien

ENGELAND SE DAG

Kaptein Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Transvaal, skryf:

Ek sien in ons geëerde blad die Engelse se geldelike krisis. Wel, ek moet eintlik sê ek is as oud-Republiek nie jammer nie. In 1899 was Engeland die magtigste ryk, veral weens sy heerskappy op see, sodat byna alle nasies vir hom bevrees was, behalwe die klein Boerevolk. Vir al die groot nasies was dit 'n ontugtering dat dit die magtige Engeland met sy rower-bende en die hulp van al sy verowerde gebiede omtrent drie jaar geneem het om ons te oorwin. Hy het ook nie oorwin nie, maar deur die afbranding van huise, afmaak van vee, sterfte in die vrouekampe en verraaiers van ons eie mense was ons verplig om wapens neer te lê ten einde te verhoed dat alle vrouens van ellende omkom. Ek het altyd gesê: „God slaap nie. Engeland se dag sal kom.” Dit is nou daar — veroorsaak ook deur sy eie bevolking met al die stakings — kamtig patriotte.

PROPAGANDA

„Die enigste opinie wat ek van die Duitsers kon vorm was gebaseer op die propaganda in die Britse pers. Ek het op 1 Januarie 1947 te Cuxhaven geland en my gedagtes was vol van 'weerwolwe', ondergrondse Nazi-bewegings' en so oortuig van die feit dat elke tweede Duitse vrou haar aan 'n Britse soldaat verkoop vir tien sigarette of 'n stukkie sjokolade, dat ek daarop aangedring het dat my maats in nie minder as groepe van vier moet uitgaan nie.

„Aan ons is 'n boekie gegee 'Die waarheid omtrent Geslagsake' en op bladsy twee kom ek af op hierdie voorliggende sin: 'Drie uit elke vier Duitse vroue wat in aanraking kom met 'n Britse soldaat is besmet met geslagsiekte'. So het 'ek hierdie land van onsedelike diere baie versigtig binne gegaan.

„Dit is nou twee en 'n half jaar dat ek daardie vrees gehad het en in daardie tyd het ek nouer met die Duitsers in aanraking gekom as die meeste ander. Ek het hul taal baasgeraak. Ek was in hul teaters, ek het hul operettes gesien, hul konserte gehoor, en wat die belangrikste van alles is, ek sal een van hierdie 'onsedelike diere' in Oktober as my vrou neem. Ek het geleer om so van die land te hou dat ek, as dit moontlik is, my hier wil vestig.”

OORLOGSLASTE VEL BRITSE VROUENS GEESTELIK NEER

Die ekonomiese toestand in Brittanje is, volgens Review of World Affairs, besig om 'n merkbare invloed op die Engelse vrou uit te oefen op wie die swaarste laste gelê word. Sy bevinding is dat die vroue van Brittanje 'n baie swaar prys vir die oorlog betaal het en tans uitermate moeg is.

„Die vroue is deur en deur ontevrede. Hulle vind dit moeilik om die gesinsbegroting te laat klop, en ten einde die toestand te verbeter gaan meer en meer van hulle uit om te werk, wat die gesinslewe ontwrig en hulle afmat en senuagtig maak. Hulle is siek van die eentonigheid en word sielkundig aangeëas deur die algemene slordigheid.

„Hulle kan dit nie meer bekostig om so dikwels na die bioskoop te ontvlug nie. In die verlede het Britse vroue dikwels vertroosting in godsdiens gevind. 'n Meerderheid van hulle het vandag geen geloof nie, hoewel die minderheid wat dit wel het, besig is om te groei. Dit is by verre die mees belangrike ontwikkeling in Britse aangeleenthede om dop te hou. Die vroue

van Brittanje het 'n buitengewoon swaar prys vir die oorlog betaal en is moeg.”


SEDELIKE VERVAL

Dat die agteruitgang waarna die blad verwys reeds tydens die oorlog begin intree het, blyk uit syfers wat 'n tyd gelede deur die registrateur van geboortes verstrekt is. Daarvolgens het dit geblyk dat byna dertig persent van die Britse moeders tydens die oorlog geboorte aan hul kinders gegee het voordat hulle getroud was.

Byna twaalf persent van alle kinders wat in Engeland gebore is, was of buite-egtelik of sou buite-egtelik gewees het as die ouers nie voor die geboorte getrou het nie.

ONS HET DIE ONDERSTEUNING VAN ADVERTERERS NODIG OM ONS BLAD UIT TE GEE, MAAR DIE ADVERTERERS HET ONS ONDERSTEUNING NODIG OM IN ONS BLAD TE KAN ADVERTEER.

Probeer dit! VIR OË-TOETS



Skat of lyn B of lyn C 'n verlenging van lyn A is.

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuiw intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuiw, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sag geurig rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oë-toets: lyn B voltooi lyn A.)



U OË MAG U BEDRIEG MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

Kommando
DIE VRIENDELIKE SIGARET

10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.

GI.3003

Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgeklop, en nou sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pet. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pet. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensieged, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munispale Mark, Uitenhage.

B

Adresseer u produkte en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — U. S. Bellingan. 9/3/49 TK

BEESTE: Opreggeteelde ongereistreerde Frieslandbultjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermy-bloed uit 8-10-gellingkoele. Ook koele en verse. Zeeman, Robertson 13/7/T.K.

BEESTE: Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koele en verse. — Zeeman, Robertson. 1/12/TK

BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaak. 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

T.K.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 1/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers, P.K. Schoemans-noek, Oudtshoorn.** 6-4TK

GROENTESAAD

VARS GOEWERMENSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD: Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb.; 9/- 1/4 lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

GENEESMIDDELS

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: **ANDREW SE PYNPLEISTERS,** Posbus 775, Pretoria.

MEDISYNE

BLIJ JONK. Verban gryshare. Grysharewonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skifers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker prys. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katslogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/TK

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n seriële bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 90/- per ton vrygelaat. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: **Komde. Mev. Martie Venter, Posaak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein.** 19/1/TK

TE KOOP

HONDE. — Opreggeteelde „Pekinese”-hondjies. Twee maande oud. Reuntjies 15 5s. Tefies 13 3s. Skryf aan: **D. J. de Waal, Posbus 4, P.K. Ascent, Vrede.** 27/7/2B.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekerers

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE, EIER** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Pragtige Modelle
in Winteruitrusting
BY

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

Die Avonture Van Klein Ben

(vervolg van bladsy 7, kolom 3)

„Wag!” Hy besluit om gou vir sy pappie te gaan vra. En dadelik lê hy rieme neer huis-toe. Maar halfpad steek hy ver-twyfeld vas: Nee, hy mag nie vir sy pappie gaan vra nie!

Hoe het sy pappie nou weer vir hom gesê?

Nou onthou hy. Dit was mos toe oom Faan en tant Frieda hier by hulle gebly het. Oom Faan was mos 'n vlugteling en niemand moes geweet het dat hy by hulle tuis is nie. Want oom Faan wou nie vir die Engelse teen ander mense gaan baklei nie, en toe het die speurders en die poliesmanne na hom gesoek.

Hy het die dag doodstil onder die ou groot tafel in die eetkamer gesit en speel toe oom Faan en tant Frieda daar aangekom het. Daar was 'n kleedjie oor die tafel wat weerskante ver oorgehang het, sodat hulle hom nie eers kon sien nie.

Sy pappie en oom Faan het by die tafel gaan sit en gesels. Hy wou sy pappie aan die been gryp en laat skrik soos hy eenkeer gemaak het. Maar toe het hulle ernstig begin gesels en hy was bang sy pappie sal dalk kwaad wees.

Dit is toe wat oom Faan gepraat het van die oorlog en 'n man wat hulle Jannie Smuts genoem het. En dat die ou oom Jannie Smuts oom Faan vir hoogverdraai of hoogverstaan — hy kon maar nie mooi begryp wat nie — in die tronk wil smyt. En oom Faan het vertel van die speurders en die poliesmanne wat hom soek, en dat hy nou moet vlug dat hulle hom nie in die hande moet kry nie.

Dit was toe hulle praat van poliesman dat klein Ben sy plan om sy pappie skrik te maak sommer laat vaar het. Vir 'n poliesman is hy bang; want dit is 'n gevaarlike soort mens. Eenkeer het 'n poliesman 'n kaffertjie gevang. En hy het seker die kaffertjie gaan vermoor want dié het so geskree dat klein Ben sommer aan hulle gegaan het.

En outa Ramkat het hom ook van die poliesmanne vertel. Hy het hulle Dussmanne genoem en gesê: „My Basie, hulle is gevaarlike Dussmanne daardie. As jy op een van hulle afkom, moet jy sommer dié kant-toe kyk, my Basie, en maak of jy van gan sout of water af weet nie anders vang hulle jou en gooi jou in 'n swart wa wat hulle die piek-mie-up noem, en voor jy nog weet waar is jy, sit jy met jou bas in die stokkies.”

Klein Ben kon nie veel verstaan van wat sy pappie en oom

Faan gesels nie. Maar toe oom Faan uit die eetkamer gegaan het, het klein Ben onder die tafel uitgekruip en vir sy pappie gevra wat hoogverdraai nou eintlik beteken.

„Grootman, jy moet wag tot jy eers langbroek dra voordat jy soiets vra,” het sy pappie gesê.

„Maar, Pappie, hoekom wil die oom Jannie Smuts dan vir oom Faan en tant Frieda vang?” het klein Ben verder gevra.

En toe het sy pappie vir hom vertel dat hulle Afrikaners is en dat hulle met niemand rusie gemaak het nie en daarom met niemand wil gaan baklei nie. Maar nou wil die oom Jannie Smuts hê sy pappie en oom Faan en baie ander Afrikaner-omies moet met ander goeie mense gaan baklei en hulle doodskiet.

„Ja, Grootman,” het sy pappie gesê. „En nou moet Omie en Tannie hier by ons bly en niemand moet weet dat hulle hier is nie, want hulle is nou vlugteling.”

„Moet ek glad nie eers met Pieta en Hansie daaroor praat nie, Pappie?” het hy gevra.

„Nee, Grootman — hulle moet nie eers weet dat hier so 'n omie en tannie is nie.”

„En sussie, Pappie? Moet ek ook nie met sussie oor Omie en Tannie praat nie?”

„Ook nie met Sussie nie, my seun. Julie moet glad nie met mekaar van die omie en die tannie praat nie. Ek sal self met Sussie praat en haar alles vertel wat sy moet weet. Sal my grootman nou so maak?”

„Ja, Pappie,” het hy beloof.

En nou is oom Faan en tant Frieda al lankal weg; en hy en Sussie het nog nooit eers 'n woord met mekaar oor hulle gepraat nie.

En sy pappie het ook vir hom gesê hy moet nie kom vrae vra oor iets wat by die huis gebeur nie. Want daar is tog so baie dingetjies wat hy nog nie verstaan nie. En wanneer sy pappie met ander omies oor onbekende dinge gesels of wanneer hulle iets doen wat hy nie verstaan nie en wat vir hom snaaks lyk, moet hy maar doodstil bly en met niemand daaroor praat nie. En as sy pappie dink dat sy seun iets moet weet, sal hy daaroor met hom kom gesels, want hy vertrou mos sy groot seun.

Klein Ben stap na die tuinhekkie, klim daarop, en kyk in

die straat op en af. Hy sal nou maar wag totdat sy pappie self met hom oor die vreemde kar begin praat. Mag, maar hy wens darem hy kon in daardie kar gaan speel! Maar dit mag hy nie doen nie want die kar behoort seker aan een van die omies wat nou hier by hulle bly.

Eers was daar net twee omies. Maar nou die oggend toe hy opgestaan het en in die eetkamer kom, het hy nog twee nuwe omies by die twee oues gesien. En sy pappie sê hulle is ook vlugteling wat met oom Jannie Smuts rusie gekry het. Die ou oom Jannie moet 'n snaakse ou oom wees. Dit lyk of hy met niemand oor die weg kan kom nie. En hy moet seker baie sterk wees, want die ander omies is maar bang vir hom. Maar klein Ben hou niks van die bakleierige ou oom nie. Dit is mos nie mooi vir witmense om soos kaffers te baklei en tekere te gaan nie.

Hy wonder hoe hy lyk?

Hy speel nou bedags buite. En as daar vreemde mense na die huis toe kom, gaan hy maar stilletjies in en sê aan die omies om in die kamer te gaan wegstuur. O gonna, hulle moet tog nie hierdie omies vang nie! Sy pappie sal mos dan vir hom vreeslik kwaad wees. En hy wil tog nie hê sy pappie moet vir hom kwaad wees nie.

„Bennie! Kom eet, my kind!” roep sy mamme plotseling.

Klein Ben loer vir laas vlug-tig op en af in die straat en kom dan vinnig aangestap huis-toe. Daar is 'n ernstige plooi op sy blanke voorkoppie. Hoe gaan hy nou maak om vir Sussie en Kleinboet van die waen-huis af weg te hou? peins hy vol kommer. As hulle die vreemde kar in die waenhuus sien, gaan dit mos weer 'n trop vrae en 'n gelol afgee.

Toe hy by die voordeur instap, kry hy plotseling die ingewing. Hy sal nou dadelik vir sy pappie gaan vra om daardie skrefie in die deur met iets toe te maak sodat hulle nie in die waenhuus kan loer nie. Ja, en dit sal hom sommer ook help teen die knaende begeerte om in die sagte kussings agter daardie stuurwiel „motorkar” te ry.

Ja-nee, hy sal sy pappie som-mer nou bydam.

(Word vervolg)

Gaan Apartheid Bespreek

„Apartheid in sy verskillende vorme”, sal die onderwerp van bespreking wees op die jaar-kongres van die Afrikaanse Studentebond wat op 27, 28 en 29 Julie op Stellenbosch gehou word.

„Hieruit moet nie afgelei word dat die A.S.B. hom op politieke terrein begewe nie”, word verklaar. „Eerder is dit 'n poging om 'n wetenskaplike studie te maak van 'n onderwerp wat die Afrikanervolk in sy kern raak.”

Gesaghebbendes op die gebied van natuurleevraagstukke sal ook die kongres toespreek.

Groot Bedryf In Dobbelaar

Voetbal-loterykaartjies maak een-tiende van die hele Britse pos uit en besorg die poskan-toor jaarliks 'n inkomste van £3,000,000. Hierdie dobbelbedryf is vandag die sesde grootste bedryf in Engeland.

SKRIK NOU VIR „KAMERADE”

Drie jaar gelede het sir Hartley Shawcross voor die Geallieerde Vierskaar die leiers van die oorwonne Duitse volk vervolg. Sy kollegas het Kommuniste ingesluit en op die regbank het 'n Kommunist gesit.

Verlede week het dieselfde Shawcross die Britte opgeroep tot die stryd teen die Kommuniste wat 'n koue oorlog voer teen die demokratiese lande en vernaamlik teen die Britse Gemenebes en sy vesting Brittanje. „Ons veg aan twee fronte”, het hy gesê, — „die koue oorlog van die Kommuniste en die gewelddige ekonomiese probleme wat die oorlog geskep het.”

In 'n striemende aanval op die regering het die Britse opposisie-leier, mnr. Churchill, gewaarsku dat daar geen wesenlike verskil is tussen die regeringsparty se sosialisme en die kommunisme nie. Die enigste verskil is 'n metode-verskil. Die Sosialiste wil hul doel langs konstitusionele weg bereik, terwyl die Kommuniste die hand-

langers van 'n vreemde moondheid is wat Brittanje wil vernietig en die volk wil verslaaf aan die Moskouse heersers. Daar is geen misdaad wat die Kommuniste nie sal pleeg as hulle verwag om daardeur absolute despotiese mag te verkry nie.

Indien Brittanje, as gevolg van sosialisme, ekonomies ver-val, het Churchill gesê, sal die land en baie ander lande saam met hom in chaos en kommunisme versink.

Churchill se verblyf in die politieke woestyn as „opposisie-leier” het blykbaar 'n soberende uitwerking op hom gehad sedert die dae toe hy nog 36 heildronke op 'n slag saam met „Premier Stalin” genuttig het.

IS U 'N REPUBLIKEIN?
Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokkletters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere Jeug

DIE

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 27 JULIE 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

DIE VREEMDE MOTOR

Klein Ben Brink, 'n knapie van sewe jaar, kom met slaapdikke ogies uit die slaapkamer, en stap met kort trippeltreetjies badkamer-toe. Hy tap vir hom water in die waskom en was sy handjies en gesiggie. Nadat hy afgedroë het, sy haartjies op sy manier gekam het en die water weer laat uitloop het, stap hy, nou taamlik wakker, deur die lang gang kombuistoe waar sy mammië besig is om tafel te dek.

„Môre, Mammië,” groet hy en hou sy mondjie om van haar 'n soentjie te ontvang.

„Môre, Ma se groot seun, en het jy toe lekker geslaap?” vra sy mammië.

„Ja, dankie, Mammië.” Hy snuif die heerlike geur van wors wat in die pan sis, op, en soek met sy ogies deur die vertrek. Mammië, het Pappie dan al gaan werk?” vra hy teleurgesteld, want sy pappie het hom nog nie kom môre-sê-nie.

„Nee, Ben, jou pappie is nog nie weg nie”, verseker sy mammië hom.

Sy mammië is baie besig en sy sussie het nog nie opgestaan nie. Hy besluit dus om na buite te gaan en 'n bietjie in sy pa se motor te gaan speel. Dit is vir hom te heerlik op die sagte kussings agter die stuurwiel. As hy daar agter die stuurwiel sit en dit heen en weer draai en die geluid van die enjin namaak, dan ry hy kamtig net so vinnig soos sy pa somtyds.

Dit is buite maar koelerig en die oudjie is al spyt dat hy nie sy skoentjies aangetrek het nie. Die gruis in die paadjie is nogal skerp en knou sy sagte voetjies af. En toe hy aan die waenhuis se deurknop draai, vind hy dit gesluit.

„Ag, jitte!” verwyf hy homself. Dit val hom mos nou by dat sy pappie die motor wegge-

neem het om te laat regmaak. Hy kan die ding maar nie verstaan nie: Sy pappie het gesê hulle kar is klaar, gedaan, kapot, en hy moet reggemaak word. En tog het sy pappie nog gister met die kar gery toe hy hom weggeneem het? Hy kan dit maar nie kleinkry nie: 'n Stukkende ding wat nog kapot boonop is, kan mos nie loop nie. Veral as hy kapot is!

Hy onthou nog vir outa Ramkat wat vir sy pappie in die tuin gewerk het. Outa Ramkat het siek geword en hier agter op die werf in sy kamertjie gelê. En sy mammië het elke dag vir outa Ramkat medisyne en sop gegee om te drink. En hier het ook 'n tannie in wit klere gekom wat 'n ronde glaspypie aan outa Ramkat gegee het om aan te suig.

En eendag het hy aan outa Ramkat gevra: „Wanneer staan Outa dan weer op?” Want hy wou graag hê outa Ramkat moet hom weer stories vertel van Jakkals en Wolf, Hasie en Skilpad, en van die klein kaal kaffertjies in die stat.

„Au, Basie, die ou Kaffer sal seker nie weer opstaan nie,” het outa Ramkat gekla.

„Maar hoekom dan nie, outa?” „Auk, Basie! ou Ramkat is somer tlar! Gedáán! Kapoet! Brastig, my Kleinbaas, die ou jong is kapoet!”

„Beteken dit Outa sal nie weer kan loop nie?” het klein Ben verdrietig gevra.

„Etzetlie, my Basie. Van hier af sal hulle die ou kaffer somer skreppiep se kant-toe dra soos al die ou flinter mousterkarre wat kapoet raak.”

En nou sê sy pa hulle kar is ook kapot; maar sy pa ry nog met hom rond en wil hom laat regmaak. Klein Ben skud sy kop meewarig. Die grootmense kan darem snaaks praat. 'n Mens verstaan nooit kop of stert van alles nie.

Hy staan op sy toontjies en

loer deur 'n skrefie in die deur. En toe skrik hy groot: Daar staan 'n ander kar in die plek waar sy pappie se kar altyd staan. Hy kyk weer. Dit is 'n groter kar en hy het glad 'n ander kleur. Vir 'n oomblik staan klein Ben diep in gedagte. Wat soek die vreemde motor hier?

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende aanstaande week. Ons wens hulle van harte geluk.


JULIE

- 29 Maria Barnard, P.K. Homtini, Oor George.
- 30 Jurgens Hanekom, Paarl. Johanna Nel, Oudtshoorn. Gesina Bothma, Oudtshoorn.
- 31 L. B. van der Merwe, Slabberts, O.V.S. Gesina van Heerden, P.K. Derby, Oor Rustenburg. Hermien Dempers, Heidelberg, K.P.

AUGUSTUS

- 1 Emmerentia Nelson, Oudtshoorn.
- 2 Maria Visser, Kakamas.
- 3 Johannes van der Westhuizen, Loxton. Janetta Nortjé, Vredendal. J. Swigelaar, Oudtshoorn. Oekie de Jager, Oudtshoorn.
- 4 Hermanus Cilliers, Luckhoff, O.V.S. Theunsina van Wyk, Matooster, Tvl. Jan du Toit, Kirkwood. Marie du Toit, Kirkwood. Johan Lubbe, Barkly-Oos.
- 5 Serena van der Spuy, Paarl. Elzen Burmeister, Paarl. Johannes Esterhuysen, Paarl. Gertruida Venter, Pietersburg. Maria Pretorius, Frankfort, O.V.S. Susanna Vermeulen, Luckhoff.
- 6 Elardus Erasmus, P.K. Bosbokrand, Tvl. Kotze Bosman, Paarl. Martha Barnard, P.K. Homtini, Oor George.
- 7 Dina Nortjé, Kafferskraal, Tvl. Pieter du Toit, Loxton. Siska van der Merwe, Stellenbosch. Magrieta Kriel, Vryburg.

16-Desember-Fonds



Die Voortrekkermonument.

Ouers en Boerejeug, soos u weet is daar nog minder as ses maande oor voordat ons Boerejeug ons eerste uniale laer te Pretoria sal opslaan. Duisende Afrikaners sal ook, daar by die Voortrekkermonument, saamtrek om die gedenkwaardige gebeurtenis, die onthulling van die monument, by te woon.

Geen Boerejeug-lid sal hierdie groot volksgebeurtenis wil laat verbygaan nie. Almal sal graag aan hulle nageslagte wil meedeel wat op hierdie groot dag, 16 Desember 1949, te Pretoria plaasgevind het.

Om ons Boerejeug se reis- en ander onkoste na hierdie groot

fees, te dek, het ons die „16-Desember-fonds” in die lewe geroep. Tot ons spyt moet ons meedeel dat die fonds nog maar baie swak is. Graag doen ons dus 'n beroep op ons ouers en Boerejeug-lede om hierdie fonds daadwerklik te steun. Ons het honderde ponde nodig om hierdie onderneming te laat slaag en ons het nog skaars een van die honderde. Donasies kan gestuur word aan: 16-Desember-fonds, Posbus 1411, Kaapstad.

OPLOSSING VAN BLOKKIES-RAAISEL

Maats ons is jammer dat ons nie die antwoorde vir die Blokkies-raaisel verlede week geplaas het nie. Soos julle gesien het, het ons reeds ons grense oorskry. Hier volg hulle egter nou.

DWARS

1. Veldkornet; 8. Sien; 9. Vuurwapens; 10. Brasso; 11. Tellers; 14. Harspan; 15. Asem; 16. Wiel; 17. Lê; 18. Fatalis; 19. Uurwerk; 21. Erewag; 24. Arendsblik; 25. Sake; 26. Moe-derkerk.

AF

2. Eeue; 3. Dartel; 4. Neef; 5. Tasbaar; 6. Disipline; 7. Onmoontlik; 11. Trapfiets; 12. Laertrekke; 13. Spies; 14. Hanou; 17. Liggaam; 20. Wasbak; 22. Bene; 23. Eier.

Boerejeug-Nuus

OBSERVATORY (Kaap):

Die Boerejeug van Observatory hou op Saterdag-aand, 13 Augustus 'n verskeidenheidskonsernt en geselligheid in die Collingwood-saal, Collingwoodstraat, Observatory. Die eerste deel van die program sal bestaan uit musiek, voordragte, samesprake en nog baie ander interessante nommers. Die tweede deel van die program sal 'n geselligheid wees, en soos ons Observatory se funksies ken, sal ook hierdie een baie aangenaam wees. Boerejeug-lede kan gerus kom en hulle ouers en vriende ook saambring.

KAAPSE SKIEREILAND:

Die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland hou 'n gesamentlike piekniek op Maandag, 1 Augustus. Ons hoop om die Jeugleier, wat tans met vakansie in Kaapstad is, ook in ons midde te hê. Boerejeug-offisiere is reeds besig om te organiseer sodat almal teenwoordig kan wees. Indien dit reën, sal voor-siening gemaak word.

Leen u ook DIE BOEREJEUG aan u vriende om te lees?

„'n Sierlike optog in Pretoria tydens 'n onlangse Krugerdag-viering. Mag ons hoop dat die Boerejeug by die end van die jaar weer so 'n vertoning te Pretoria sal maak.

BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411, KAAPSTAD.
27 Julie 1949.

Beste Maats,

Wie van julle begin liedjies maak vir ons sangbundeltjie? Ons verstaan dat daar op Bellville reeds 'n hele paar liedjies klaar is en hulle is nog besig met ander. Maats moet maar opskud, want die tyd kan geweldig vlieg en julle het maar net tyd tot 31 Augustus. Maats wat nog nie die besonderhede weet nie kan maar net terugblaai na verlede week se uitgawe, waarin alles volledig aangegee word, selfs ook die ontwerp van die buiteblad.

HANNIE FERREIRA van ROOIDAM, TWEERIVIERE, vertel hoe bly sy is oor die mooi geskenk wat sy ontvang het. Sy was een van die honderde Boerejeug-lesers wat die vormple ingevul en gepos het. Die geskenk is 'n mooi gekleurde afdruk van die Boerejeug-wapen. (Jou Boetie sal 'n rukkie moet wag, Hannie, daar is nog

honderde wat gepos moet word. Hy sal in elk geval een kry.—Red.)

KOMDT. HITGE van OUDTSHOORN, skryf dat as daar enige persone is wat in hulle omgewing woon en in die Boerejeug belangstel, kan hulle aan hom skryf. Sy adres is Uniestraat, Oudtshoorn. Hy sal hulle dan altyd in kennis stel van funksies en laertreкке. (Ja, Komdt., daar is 'n prys uitgelooft vir die opstel-wedstryd en die boek is reeds aan haar gepos.—Red.)

Uit ASHTON kry ons 'n brief van PIETER LE ROUX. Hy is ook baie in sy skik met sy Boerejeug-wapen en sy maats is glo baie spyt dat hulle nie ook so 'n mooi besitting het nie. Jy kan gerus ons blad aan jou maats leen. Miskien stel hulle soveel belang in ons Boerejeug dat hulle miskien later sal aansluit. Dan sal ons dalk 'n afdeling daar kan stig. Laat weer van jou hoor.

Hartlike Boerejeug-groete, DIE BOEREJEUG-REDAKSIE.



Weinig Belangstelling In Duitse Politiek

In die Buiteland is al baie geskryf en gepraat oor die gebrek aan belangstelling in die politiek wat deur die Duitsers sedert 1945 getoon word. Die ironiese verwyf is uitgespreek dat hulle in die Nazi-Duitsland te veel en nou te min belang in hul politici toon. Die Duitser het hierteenoor geswyg, of gesê: „Moenie nou met politiek na my kom nie!”

Die mense wat onmiddellik na die ineenstorting van Duitsland nog enigszins in politiek geïnteresseerd was en geglo het dat die Westerse moondhede 'n „ander” koers sou inslaan, was in die begin meer verras as verbitterd toe in plaas daarvan 'n eidelose reeks hofsake gekom het. Hierdie hofsake het geensins almal daarvan oortuig dat alleenlik die ware misdadigers erken en gestraf is nie.

Maar hoewel dit die onfeilbaarste manier is om haat en wrok te verwek, het die houding van die Duitsers in die Westerse gebiede teenoor die besettingsmagte selde die grens bereik waar teleurstelling in haat omslaan. Mense was te moeg, te uitgeput, en later te veel deur honger geteister, om nog die krag te vind vir hierdie minder konstruktiewe gevoelens. Misken het ook die nood, die leed en die chaos van vernietiging werklik 'n gevoel verwek wat haat nietig en onsinnig laat lyk.

GEEN LUS VIR POLITIEK

Wat in die provinsiale parlements besluit word, daaroor het die meeste mense hulle nie bekommer nie. In elke geval, of hulle nou daarteen of daarvoor was, geïnteresseerd of nie, die besettingsmagte het bepaal wat moet gebeur. En dit sou aan die honger ook niks verander het nie — dit het almal besef. Waartoe honger mense in staat is of nie in staat is nie, weet almal sonder verduideliking. Wanneer nou so 'n toestand jarelang aanhou, dan is dit nie vreemd as mense langsaam maar seker in belangeloosheid versink nie. So ook wat politiek betref.

Toe kom die wonder van die geldhervorming — dit het die verandering gemaak dat mens weer iets vir jou geld kon koop; daarby is ook die rantsoene stadigaan vermeerder. Wanneer die liggaam tot krag kom, begin die mens meestal weer belang stel in sy omgewing en in gebeurtenisse om hom. Nogtans, van koerantberigte omtrent Bonn, waar mense intussen besig was om planne vir 'n Duitse konstitusie te beraam, is vereers min notisie geneem. Stadigaan het die mense egter begin belangstel, en wou weet

wat daar aangaan. In die meeste gevalle het hierdie belangstelling die vorm aangeeem van 'n minder geesdriftige vraag: „Wat gaan die veterane van Weimar daar brou?” En die antwoord is: „'n Demokratiese „Knigge”.”

Toe, na omtrent 11 maande, het die manne van Bonn 'n

Eerste van 'n aantal artikels oor die politieke en maatskaplike toestande in Duitsland deur 'n Duitse korrespondent.

konstitusie wat deur die besettingsmagte goedgekeur is, aan die Duitse volk voorgelê. In die trein op pad na München het twee jong Duitsers wat so pas die wetsontwerp deurgelees het, hul mening daaroor (of dit goed- of afkeurig was, is nie seker nie) geuit deur mekaar in die gesig te kyk, die skouers op te lig en die koerant agter hulle neer te sit. Menings omtrent Bonn verskil baie, en in Beire, bv. word die hele idee glad nie verwelkom nie. Maar, dit is belangrik: in die volk het weer 'n politieke opinie ontstaan. Watter opinie dit is, sal eers gewys word na die verkiesing wat op 14 Augustus plaasvind.

VERDELING SAL BLY

Die konstitusie van Bonn vir 'n Wes-Duitse federale staat is intussen goedgekeur deur al die Wes-Duitse provinsiale parlements met uitsondering van dié van Beire, en 'n verkiesingswet wat deur die parlementêre raad uitgewerk is, is in sy hoofpunte deur die elf minister-presidente en die militêre goewerneurs aanvaar. Daar sal seker nie meer 'n verandering kom in die konsolidering van 'n Wes-Duitse staat nie, aangesien ons met veiligheid kan aanneem dat die vergadering van ministers van buitelandse sake te Parys skipbreuk gely het. Rusland het probeer om die vaste houding van die Westerse moondhede in hul Duitsland-beleid te

* „Knigge” is die Duitse vorm van „Emily Post,” d.w.s. 'n boek oor reëls vir gedrag, ens.

vernietig deur middel van twee ekstreme voorstelle: ten eerste deur die Westerse ministers te beweeg om Duitsland weer terug te bring na die toestand van die Potsdam-ooreenkoms; en ten tweede deur die eis dat alle besettingstrope uit Duitsland teruggetrek word binne een jaar.

Teenoor hierdie voorstel het die Westerse moondhede eise gestel wat daarop neerkom dat Rusland geheel en al moet afsien van die uitgebreide politieke en ekonomiese „sowjetsisering” van sy deel van Duitsland. Indien 'n vredeskonferensie gehou word, sou die vraag van die Oder-Neisse-grens die belangrikste twispunt wees. Hier is 'n Russiese toegewing allermins te verwag, aangesien Rusland geensins gewillig is om hierdie belangrike gebied op te gee nie. Dit is die buite-politieke agtergrond vir Bonn.

PERS SE AANDEEL

(vervolg van bladsy 3, kolom 3)

sonde is om besittings te hê nie, maar wanneer daardie pers gebruik word om onreg te pleeg, is dit die plig van die staat om die reg te herstel — dit is immers sy taak as regshandhawer. En is dit geen skending van die elementêre reg van elke mens wanneer 'n koerant 'n man of organisasie in die openbaar kan doodverf met valse bewerings, terwyl daardie man of organisasie geen reg van weerlegging in daardie koerant het nie? Dit is so vanselfsprekend 'n onreg dat niemand beswaar kan hê teen die aanbeveling dat dit die staat se plig is om maatreëls te tref wat 'n koerant sal verplig om indien hy 'n aanval op iemand gepubliseer het, dieselfde publisiteit te verleen aan 'n verdediging deur die betrokke persoon. Dit sal al dadelik die uitwerking hê dat veel minder onverantwoordelike dinge teen openbare figure gesê sal word en dus hydra tot 'n gesonde self-beheersing van die kant van die pers.

MONOPOLIEE

Dit sal verder meebring dat die volk baie beter ingelig en dus bekwaam vir sy moeilike taak sal wees om keuses te doen 'n verband met politieke aangeleenthede. As demokratiese lande soos Amerika en nou ook Suid-Afrika niks verkeerd vind daarmee om groot handelsmonopolieë in bande te lê nie, behoort hulle veel minder beswaar te hê teen die beëindiging van persmonopolieë, wat die volk in geestelike armoede verkneeg.

Naas hierdie maatreël var oopstelling van die pers kan nog gevoeg word die strafbaar-making van enige doelbewuste skending van die waarheid. Dit kan ook van toepassing gemaak word op openbare sprekers.

Hierdie twee maatreëls sal veral as die uitvoering daarvan opgedra word aan 'n beroeps-liggaam van toesig oor die pers met 'n eie kode van welvoeglikheid, die teelaarde van politieke partye wat slegs in 'n dampkring van agterdog en leuenagtigheid kan bloei, verwyder. Dit sal die volk in staat stel om weer op grond van waarde en verdienste te oordeel in plaas van op grond van sentimentele slagkrete en verwronge vooroordele.

BESTAAN DAAR NOG GEHEIME?

Dat dit in verband met die Amerikaanse atoomgeheime nie juis so honderdpersent potdig kon gegaan het nie, blyk uit die getuienis wat 'n paar weke gelede voor die kommissie insake onamerikaanse bedrywighede gegee is. 'n Sekere wetenskaplike, prof. Frank Oppenheimer, wat deelgeneem het aan die ontwikkeling van die atoombom, het voor die kommissie erken dat hy voorheen lid van die Kommunistiese Party was.

Dr. Oppenheimer het erken dat hy en sy vrou twaalf jaar gelede by die Kommunistiese Party aangesluit het, maar het gesê dat hulle na meer as drie jaar teleurgestel geraak en bedank het. Gedurende die oorlog het hy in verskillende inrigtings in verband met atoom-energie gewerk, en het selfs lof ontvang van die oorlogstydsheer van die atoombom-program.

Dit is natuurlik moontlik dat hierdie wetenskaplike eerlik met die Kommuniste gebreek

(vervolg van kolom 2)

ook 'n dominium kan opeis. En dan behoort daar geen beswaar van Britse kant te wees as die regering van Suid-Afrika daartoe sou oorgaan om paal en perk te stel aan Britse immigrasie nie — paal en perk wat sal verhoed dat die karakter van ons volk verander word.

BRITSE MAATSTAF

Hierdie perke kan maklik vasgestel word as ons die Britse immigrasiesyfers vergelyk met dié van die Unie. In die eerste twee jaar ná die oorlog het daar 37,000 persone uit Europa na Brittanje verhuis. Gedurende dieselfde tydperk het daar 33,000 Britte na die Unie gekom. Brittanje met sy 40,000,000-bevolking laat dus feitlik net soveel immigrante toe as wat die Unie met sy 2,000,000-bevolking toelaat — met ander woorde byna twintig maal te veel volgens Engelse maatstaf!

So 'n immigrasiebeleid pas wel die Britse imperialistiese oogmerke, maar nie die belange van Suid-Afrika, wat net soos Brittanje gesteld behoort te wees op die handhawing van sy gevestigde volkskarakter.

het en dat sy teenwoordigheid in die geheime kamers van atoomontwikkeling geen skade aan sy land berokken het nie. Maar dit is ook 'n bekende feit dat die Kommuniste presies weet in watter hoedanigheid hulle hul ondersteuners moet gebruik. Vriende buitekant die partygeledere is vir hulle soms van veel groter nut as lede, veral as sulke vriende wetenskaplikes is wat ongemerk kan indring. Skynbedankings uit die Kommunistiese Party is dan ook nie 'n onbekende praktyk in die kommunistiese wêreld nie.

LEUEN

Gebruikmaking van die leuen is 'n saak waarin Kommuniste van kindsbeen af opgelei word, soos onlangs nog weer treffend in Amerika geïllustreer is. 'n Aantal Kommunistiese leiers word in die tronk aangehou vir verhoor. 'n Paar weke gelede het drie klein dogtertjies met groot plakkaat in die strate rondgestap waarop daar gekla word oor „my Pappie” se aanhouding in die tronk. Persmense het later vasgestel dat nie een van die drie dogtertjies 'n pappie in die tronk het nie!

Die geval Oppenheimer mag heeltemal eg wees, maar dit toon aan dat alles nie so potdig met die Amerikaanse atoomgeheime kon gegaan het nie. Daar mag nog ander gevalle wees, veral as in aanmerking geneem word dat toe Amerika met sy atoom-navorsing begin het, „Premier” Stalin en sy aanhang nog onder die vriendekring van die Amerikaanse regering en publiek getel het — dit was in die dae toe 'n Henry Wallace, wat vandag 'n uitgeworpene is, 'n onderpresident was.

SKENK

MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



- Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
- U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.
- Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol DAHA en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

DAHA — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD

BRITTANJE VERSIGTIG MET VREEMDE BLOED VAN BUIITE

Die Britse begeerte om deur middel van Engelse immigrasie in die dominiums die Britse karakter van laasgenoemde te handhaaf, en die agteruitgang van die bevolkingsgroei in Brittanje het die Britte voor 'n ernstige tweestryd geplaas. Die stroom na die dominiums in belang van „King and Country” veroorsaak heelwat leemtes aan die tuisfront wat weer van elders aangevul moet word. Maar in dié verband is die Britte nogal heelwat meer bekommerd oor hul vermoë om vreemdelinge in die bevolking op te neem as wat die dominiums ten opsigte van Britse vreemdelinge is.

So verklaar d'e kommissie van ondersoek na die Britse bevolkingsgroei in sy verslag dat hoewel dit noodsaaklik is dat 'n standhoudende stroom Britse emigrasie na die dominiums gehandhaaf moet word, dit sal meebring dat Engeland op sy beurt immigrante van elders sal moet opneem om die arbeidstekorte aan te vul. „Bronne van geskikte immigrante is egter skraal, en Brittanje se vermoë om mense van vreemde ras en geloof te absorbeer, is beperk.”

Waar Brittanje dus baie begerig is om die bevolkings-

karakter van die dominiums te verbrijs, is hy hoegenaamd nie geneë om die Britse karakter in Brittanje self enigszins deur immigrasie te laat beïnvloed nie. Slegs soveel vreemdelinge mag toegelaat word as wat gemaklik deur die bevolking „geabsorbeer” kan word — dit wil sê verbrijs kan word.

ALMAL SE REG

Dit is natuurlik 'n vanselfsprekende reg van enige land, en as Engeland hierdie reg vir homself opeis, dan is dit ook 'n reg wat enige ander land —

(vervolg in kolom 4)